

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
**VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN**

Saaknommer: A71/2013

In die aansoek tussen:

**W J EDELING**

Applikant

en

**L M PIETERS**

Respondent

*In re:*

**L M PIETERS**

Appellant

And

**W J EDELING**

Respondent

---

**CORAM:**

VAN ZYL, R *et* NAIDOO, R

---

**UITSPRAAK DEUR:**

VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:**

1 FEBUARIE 2016

---

**INLEIDING:**

[1] Respondent het applikant in die Landdroshof, Bloemfontein, gedagvaar vir die betaling van R 70 000.00, tesame met rente en koste. Die vordering was egter van die hand gewys, met koste. Daarop het respondent geappelleer en was die appél aangehoor

deur Naidoo, R en Monaledi, Wnd R. Die appél was suksesvol. Applikant doen nou aansoek om verlof om te appelleer teen laasgenoemde uitspraak op appél. Ek sal na die partye verwys soos in die onderhawige aansoek.

- [2] Aangesien Monaledi, Wnd R nie beskikbaar was om die aansoek te behartig nie, het ek saam met Naidoo, R die aansoek op die meriete daarvan aangehoor. Uitspraak was voorbehou. Ten tyde van ons voorbereiding van die uitspraak, het die moontlike tersaaklikheid van Artikel 16(1)(b) van die Wet op Hoër Howe, 10 van 2013, ons opgeval. Ons het dus `n skrywe aan die partye se onderskeie prokureurs van rekord gerig waarin ons hulle aandag hierop gevestig het. Aangesien nie een van die partye in hul onderskeie betoogshoofde of in hul mondelinge betoog na hierdie Artikel verwys het nie, het ons versoek dat die partye moes ooreenkom dat hulle óf verdere mondelinge betoë óf aanvullende skriftelike betoogshoofde ten opsigte van hierdie aspek, ook met spesifieke verwysing na die uitspraak in **South African Land Arrangements CC and Others v Nedbank Ltd** (A28/13) [2013] ZAWCHC 162 (29 October 2013), aan ons voorhou. Aanvullende betoogshoofde was daarop inderdaad by ooreenkoms deur die onderskeie advokate voorberei en geliasseer.

### **WETGEWING:**

- [3] Die Wet op Hoër Howe, 10 van 2013 (“die Wet”), het op 23 Augustus 2013 in werking getree. Die engelse weergawe van Artikel 16(1)(b) van die Wet lees as volg:

“(1) Subject to section 15(1), the Constitution and any other law—

(a) ....

(b) an appeal against any decision of a Division on appeal to it, lies to the Supreme Court of Appeal upon special leave having been granted by the Supreme Court of Appeal...”

[4] Dit is dus duidelik dat indien Artikel 16(1)(b) wel van toepassing is in die huidige geval, die aansoek om verlof om te appelleer tot die Hoogste Hof van Appél gerig moes gewees het en dat hierdie hof dan nie jurisdiksie het om die onderhawige aansoek te bereg nie.

[5] Die bepalings van Artikels 52(1) en 52(2) van die Wet moet ook vir doeleindes van die onderhawige geval oorweeg word, die engelse weergawe waarvan as volg lees:

“(1) Subject to section 27, proceedings pending in any court at the commencement of this Act, must be continued and concluded as if this Act had not been passed.

(2) Proceedings must, for the purposes of this section, be deemed to be pending if, at the commencement of this Act, a summons had been issued but judgment had not been passed.”

### **SUBMISSIES VAN DIE ADVOKATE:**

[6] Dagvaarding was uitgereik en die uitspraak in die Landdroshof was gelewer voor datum van die inwerkingtreding van die Wet. Die aanhoor van die appél en die lewering van die uitspraak daarin het geskied na die inwerkingtreding van die Wet. Die onderhawige aansoek om verlof om te appelleer is derhalwe insgelyks geliasseer en aangehoor na die inwerkingtreding van die Wet.

[7] Mnr Van Rhyn, namens applikant, het op volledige wyse verwys na die onderskeid wat getref moet word tussen die wetgewing en

Hofreëls wat slegs van toepassing is op verrigtinge in die Landdroshof aan die een kant, en ander aparte wetgewing en Hofreëls wat slegs van toepassing is op die Hooggeregshof aan die ander kant. Na aanleiding daarvan het hy aan die hand gedoen dat die verwysing na “summons” in artikel 52(2) slegs `n verwysing is na `n dagvaarding wat in die Hooggeregshof uitgereik is. Die bepalings van Artikel 52(2) is dus, aldus Mnr Van Rhyn se submissie, slegs van toepassing op siviele verrigtinge wat by wyse van die uitreiking van `n dagvaarding (en aansoekprosedure) in die Hooggeregshof `n aanvang geneem het en sluit nie appél verrigtinge in wat vanaf die Landdroshof ontstaan het nie.

Mnr Van Rhyn het dus aangevoer dat al wat bepaal moet word, is of die onderhawige aansoek om verlof om te appelleer “proceedings pending” is soos voorsien in Artikel 52(1) van die Wet. Hy het verwys na en gesteun op die uitspraak in **Van Der Merwe and Another v Astrapak Limited and Another** (11108/2013) [2014] ZAWCHC 44 (28 March 2014) en aan die hand gedoen dat die appél verrigtinge, ingesluit die onderhawige aansoek om verlof om te appelleer teen die uitspraak op appél, bloot `n voortsetting is van die aksie wat in die Landdroshof aanhangig gemaak was en gevolglik was daar steeds hangende verrigtinge ten tyde van die inwerkingtreding van die Wet. Derhalwe is die onderhawige verrigtinge “proceedings pending” vir doeleindes van Artikel 52(1) en is die Wet dus nie van toepassing nie.

- [8] Mnr Gibbs, namens respondent, het gesubmiteer dat op `n behoorlike interpretasie van Artikel 52, die bepalings van Artikel 16(1)(b) slegs uitgesluit sal wees in `n geval waar `n aansoek om

verlof om te appelleer teen 'n uitspraak op appél reeds geliasseer en hangende was op datum van die inwerkingtreding van die Wet. Hy het dus aan die hand gedoen dat die interpretasie en beginsels toegepas in die **Nedbank**– saak, korrek is. Alwaar die aansoek om verlof om te appelleer in die onderhawige geval dus eers geliasseer was na die inwerkingtreding van die Wet, het dit, aldus Mnr Gibbs se betoog, tot gevolg dat hierdie hof nie jurisdiksie het om die aansoek aan te hoor nie en dat dit van die rol geskrap moet word, met koste.

### **REGSPRAAK EN GEVOLGTREKKINGS:**

[9] In die **NEDBANK**-saak was die appellante se appél teen 'n uitspraak in die Landdroshof afgewys op 19 September 2013. Die tersaaklike uitspraak handel met die aansoek om verlof om te appelleer teen die uitspraak op appél en is daar as volg beslis in paragrawe [4] en [5] daarvan:

“4. The Act came into operation on 23 August 2013. The appeal which forms the subject of the present application was concluded when judgment was passed on 19 September 2013. The subsequent proceedings, i.e. the application for leave to appeal against our judgment, were only launched on 3 October 2013 – well after the Act commenced. On a plain reading of s 52, therefore, we are satisfied that the present proceedings were not pending at the commencement of the Act, with the result that they are governed by the provisions of s 16(1)(b). It follows that this court does not have jurisdiction to hear the present application.

5. This conclusion is also supported by the rule of interpretation that statutes which deal with matters of procedure (as does s 16(1)(b)) are of necessity both prospective *and* retrospective in operation.”

Dit dien vermeld te word dat voormelde aangeleentheid daaropvolgend op die meriete van die appél voor die Hoogste Hof van Appél gedien het en neem die uitspraak daarin `n aanvang met vermelding dat die appél met spesiale verlof van daardie hof, aangehoor word. Dit is dus duidelik dat die Hoogste Hof van Appél saamgestem het met die die prosedurele beslissing van die Hof *a quo*. Sien **South African Land Arrangements CC & Others v Nedbank LTD** (20063/2014) [2015] ZASCA 88 (29 May 2015).

In teenstelling dus met Mnr Van Rhyne se submitisie dat Artikel 52(2) van die Wet nie van toepassing is in verrigtinge wat hul ontstaan in die Landdroshof gehad het nie, het die Hoogste Hof van Appél in die bogemelde aangeleentheid wél Artikel 52(2) toegepas onder sodanige omstandighede.

- [10] In **Vermaak and Others v Minister of Water and Environmental Affairs of the Republic of South Africa and Others** (224/2013) [2013] ZAECPHC 45 (17 September 2013) was `n aansoek om verlof om te appelleer teen `n uitspraak van die Hooggeregshof as hof van eerste instansie (dus wel anders as in die onderhawige geval), ter sprake. Daardie uitspraak was gegee voor die inwerkingtreding van die Wet. Die aansoek om verlof om te appelleer was geliasseer op die dag van die inwerkingtreding van die Wet. Met die toepassing van Artikels 52(1) en 52(2) van die Wet het die hof beslis dat aangesien die uitspraak reeds gelewer was voor die inwerkingtreding van die Wet (soos in die onderhawige geval) en die aansoek om verlof geliasseer was na die inwerkingtreding (soos in die onderhawige geval), die Wet wel van toepassing is.

Daarteenoor is die feite in die **Astrapak Limited**- saak waarop Mnr Van Rhyn steun, juis onderskeibaar van die onderhawige geval. Hoewel dit ook, soos in die bogemelde **Minister of Water and Environmental Affairs of the Republic of South Africa**-saak, gehandel het met 'n aansoek om verlof om te appelleer teen 'n uitspraak van die Hooggeregshof as hof van eerste instansie, was daardie uitspraak van die Hooggeregshof nog uitstaande op die datum van inwerkingtreding van die Wet. Dít was die hoofbasis waarop beslis was dat met die toepassing van Artikels 52(1) en 52(2), die nuwe Wet nie van toepassing was nie.

- [11] Dit is nou gesaghebbend deur die Hoogste Hof van Appél neergelê dat Artikel 16(1)(b) ook op strafsake van toepassing is. Sien, onder andere, **Van Wyk v S, Galela v S** 2015 (1) SACR 584 (SCA). In vele uitsprake van die Hoogste Hof van Appél in straf verrigtinge is die bepalings van Artikel 16(1)(b) toegepas in omstandighede waar die aanvanklike skuldigbevinding en vonnis-oplegging in die Laer Howe plaasgevind het voor die inwerkingtreding van die Wet (dus soortgelyk as 'n gelewerde uitspraak in siviele verrigtinge soos in die onderhawige geval), waarna dit na die inwerkingtreding van die Wet op appél gedien het en uitspraak daarin gelewer was (soos in die onderhawige geval) en 'n aansoek om verlof om te appelleer dan teen daardie uitspraak op appél gerig word (soos in die onderhawige geval). In **Potgieter v S** (20109/2014) [2015] ZASCA 15 (17 March 2015) is as volg beslis:

“[1] The appellant in this matter was convicted of rape by the regional court, Bloemfontein and sentenced to eight years' imprisonment. The act

of rape was the penetration by him of the complainant's vagina with his fingers: section 3 of the Sexual Offences Act 32 of 2007 defines such penetration without the consent of the victim as rape. The regional magistrate accepted the complainant's version of events and rejected the appellant's as not reasonably possibly true.

[2] A full court of the Free State Division of the High Court (Ramphai and Moloi JJ and Phalatsi AJ) dismissed the appeal to it by the appellant, finding that the trial court's findings as to the credibility of the complainant, and that the appellant's version was not reasonably possibly true, were correct. It nonetheless gave leave to the appellant to appeal to this court against its decision.

[3] That it was not able to do. Section 16(1)(b) of the Superior Courts Act 10 of 2013, in operation at the time when the full court heard the appeal and handed down judgment (August and October 2013), provides that an appeal against the decision of an appeal court lies to this court only with special leave granted to it by this court. The full court did not have the power to grant leave to this court. Its order is thus a nullity and this court has no jurisdiction." (Eie onderstreping)

[12] In **Selli v The State** (220/15) [2015] ZASCA 173 (26 November 2015) is as volg beslis in omstandighede waar die aanvanklike skuldigbevinding en vonnis-oplegging in die Landdroshof duidelik ook voor die inwerkingtreding van die Wet plaasgevind het:

"[3] The appellant applied unsuccessfully for leave to appeal against his sentence to the regional magistrate. His petition to the North Gauteng High Court, Pretoria (Botha J and Mothle AJ) was refused on 2 December 2008. Aggrieved by the refusal of his petition for leave to appeal, he filed an application for leave to appeal against the refusal of his petition to the court below. On 21 November 2013, the court below (Mothle and Kollapen JJ) made the following order:

‘That the application for leave to appeal to the Supreme Court of Appeal be and is hereby granted against the decision of this Court refusing the petition to appeal.’

[4] As I will demonstrate hereunder the court order referred to above is incompetent. As at 21 November 2013, the Superior Courts Act 10 of 2013 (the Act) had already come into operation on 23 August 2013. This Act replaced the old Supreme Court Act 59 of 1959. The result is that the appeal was governed by s 16(1)(b) of the Superior Courts Act which provides that ‘an appeal against any decision of a Division on appeal to it, lies to the Supreme Court of Appeal upon special leave having been granted by the Supreme Court of Appeal.’ Faced with this conundrum, we requested the Registrar of this Court to request the parties to file supplementary heads of argument regarding whether, in the light of the provisions of s 16(1)(b) of the Act, this Court had jurisdiction to hear the appeal on the merits.

[5] Both counsel conceded, correctly in my view, that based on the provisions of s 16(1)(b) of the Act, the court below did not have jurisdiction to hear the appeal against the refusal of the petition for leave to appeal nor the power to grant leave to appeal to this Court. It is only this Court that has the power to grant special leave to appeal to it from a decision by the court below given on appeal to it. This legal position has been recently endorsed by this Court in various judgments, which includes *Potgieter v S* (20109/2014) [2015] ZASCA 15 (17 March 2015) paras 2 and 3; *Johannes Windvogel v The State* (20091/2014) [2015] ZASCA 63 (8 May 2015) para 8 and *Hattingh v S* (20099/2014) [2015] ZASCA 84 (28 May 2015).

[6] The order made on 21 November 2013 was therefore a nullity.”

Sien ook **Mekgoe v S** (A183/2013) [2015] ZAFSHC 60 (20 March 2015).

- [13] Gevolglik is ek van mening dat nie een van Mnr Van Rhyn se argumente water hou nie. Die regsposisie is na my mening nou duidelik uitgeklaar by wyse van regspraak, waaraan ons gebonde is. Die bepalings van beide Artikels 52(1) en 52(2) moet in gevalle soos die onderhawige toegepas word. Dus, gegewe dat die uitspraak in die Landdroshof in die onderhawige geval voor die inwerkingtreding van die Wet gelewer was, en die appél aangehoor was en uitspraak daarop gelewer was na die inwerkingtreding van die Wet, het dit tot gevolg dat die Wet van toepassing is, wat Artikel 16(1)(b) insluit. Gevolglik het hierdie hof nie jurisdiksie om die aansoek om verlof om te appelleer te bereg nie.

### **KOSTE:**

- [14] Soos reeds vermeld, was die onderhawige aspek nie namens enige van die partye geopper ten tyde van die aanhoor van die aansoek nie. Hoewel dit so is dat applikant *dominus litis* is en dus die party is wat die appél in die eerste plek tot die verkeerde forum gerig het, het respondent egter insgelyks versuim om enigsins hierdie fatale gebrek te opper. Onder sodanige omstandighede stem ek saam met Mnr Van Rhyn dat dit gepas sal wees dat elke party gelas word om sy eie koste te betaal.
- [15] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Die aansoek om verlof om te appelleer, word van die rol geskrap.
2. Elke party word gelas om sy/haar eie koste te betaal.

---

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

---

**S. NAIDOO, R**

Namens Applikant: Adv A.J.R van Rhyn SC  
Op instruksies van:  
Stander en Vennote  
BLOEMFONTEIN

Namens Respondent: Adv W. Gibbs  
Op instruksies van:  
Symington & De Kok  
BLOEMFONTEIN

